

20 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 22:1-24

Fokusgedeelte: Genesis 22:12b (1953-vertaling)

Isak, die wegsteekkind?

Kosbare besittings is wegsteekbesittings. Dit is daardie besittings wat ons gewoonlik baie diep wegbêre vir veilige bewaring. (Let veral op die woord “terughou” in vers 12b, wat ook kan beteken “wanneer ‘n kosbare besitting of skat in ‘n veilige of donker plek weggesteek of weggebêre word”.) Het ek sulke wegsteekbesittings? Ons kan hulle maklik uitken, want hulle is gewoonlik ook vreugdebesittings – dit is daardie besondere dinge wat sorg vir die vreugde en “lag” in my lewe. Die groot vraag hier is egter: Hoe sal ek reageer as ek dit dalk in die geloof moet prysgee? Kom ons kyk na Abraham! Was hy bereid om sy kosbaarste besitting sommer net so prys te gee?

Dit is seker gewoon menslik om te wonder of die volgende nie maar deur sy gedagtes geflits het nie: “Here, kan u nie maar liever my beeste, my skape, my slawe en slavinne, ja – selfs al my ander kosbare besittings vra nie? Hoekom Isak? Hy is ons kosbaarste, ons enigste seun en erfgenaam! Hy is die een wat ons die diepste in ons harte ‘weggebêre’ het. As ons aan hom dink, is dit met ‘n glimlag. Nee, meer nog. Hy is al wat vir ons oorgebly het. Moes ek dan nie alreeds vir Ismael [Gen 21:10] wegstuur nie, en – ironies genoeg – juis omdat hy gelag het? Isak is regtig die laaste vreugde [“lag”] in ons lewe. Het ons hom dan nie Isak [beteken: “hy lag”] genoem nie?”

Tog het Abraham ná hierdie insident eerder sekerheid in sy eie gemoed verkry dat geloof in God die belangrikste “besitting” van sy lewe was, as dat hy dit vir God bewys het (Gen 22:12a). Abraham het dus hierdie geloofstoets geslaag. Kan jy? Toets jou! Sal jy bereid wees om jou kosbaarste aardse besitting, daardie besondere iets wat die lag en vreugde in jou lewe bring, in geloof prys te gee? In skaamte moet ons dan erken dat geloof in die teorie soms so maklik lyk, maar in die praktyk dikwels “duur” opofferings kan vra! Moet egter nooit vergeet nie dat ons vir God só kosbaar was dat Hy sy kosbare Seun gegee het (nie teruggehou nie!) – nie om die vreugde in jou lewe weg te neem nie, maar juis om dit vir ewig in jou lewe terug te bring! Weereens is die vraag: Is jou verhouding met God die belangrikste besitting van jou lewe? Of is daar nog iets anders? Wat steek jy weg, êrens in ‘n donker kas of kluis ... of dalk in jou hart?

Sing: Psalm 138:1 Ds DPJ Erasmus (Jeffreysbaai)